NUUSBRIEF 19 VAN 2026 *28 MEI 2026*

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:


### GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



Die Gr. 4-7 leerders het vandag met eksamen begin. Die skool kom van vandag af daagliks om ***13:00*** vir al die Rynies uit totdat die skool vir die wintervakansie op ***Vrydag 26 Junie 2026 sluit***. Leerders kry ook rapporte op die betrokke dag en soos verlede kwartaal is daar ***geen skool*** op die dag nie. Leerders haal slegs rapporte by hulle registerklasse vanaf ***07:00 tot 08:00 af***. **Geen rapporte in die voorportaal.**


**Nogmaals sterkte aan al die Rynies met die eksamen. Berei goed voor en doen jou beste!!!**





Na hierdie week is daar nog 4 weke van die kwartaal oor. Daar is egter nog heelwat buitemuurse aktiwiteite wat nog afgehandel moet word, onder andere rugby- en netbaluitspele en nog vele meer. Baie sterkte aan al die Rynies wat die skool verteenwoordig!

***Hiermee betuig die Rynies hulle simpatie en medelye met Juf. Verochka Gouws wie se skoonpa verlede week oorlede is. Ons dink aan die gesin in die moeilike tyd en bid vir vertroosting.***



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SKAAK RYNIENUUS

Dit is amper eksamentyd! Daarom sal daar geen skaakoefening wees vanaf 28 Mei 2026 tot 10 Junie 2026 nie.

**Ons spanne wat aan die Benoni Skaakkampioenskappe gaan deelneem te Westwood Laerskool, op 13 Junie 2026, word volgende week aangekondig.**

Daar is 'n verpligte oefening vir almal op Donderdag, 11 Junie om finale reëlings te tref.



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



## MINI-HOKKIE



Ons nooi alle belangstellende dogters van **Graad 1 - 3** na ons mini-hokkieproewe uit op **9, 10 en 11 Junie**. Die proewe word in SKOOLTYD gehou. Trek gemaklike oefenklere aan en bring jou skoolklere saam. Onthou jou hokkiestok en tekkies.
Hou asseblief die klasgroepe vir meer inligting dop.

## HOKKIEKLINIEK 2026



Baie dankie aan al ons maats wat ons 0/12 en 0/13 hokkiespanne verlede Vrydag ondersteun het!!

Dit is vir ons belangrik om ons senior spelers te leer om terug te gee vir die hokkiegemeenskap en om hulle die waardes van ‘n goeie dag se werk te leer!!

Baie dankie aan die ouers wat hul kinders so getrou inskryf!






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RUGBY




## CHEERLEADING:




Rynies Cheer & Poms gaan hierdie Saterdag op die groot verhoog by Loftus Versfeld tydens die URC-kwartfinaal optree – wat ’n ongelooflike prestasie en besondere geleentheid! Julle harde werk, passie en spangees maak ons ongelooflik trots.

**REGSTELLING:**
Ons vra omverskoning vir ‘n fout wat ingesluip het in verlede week se nuusbrief. Hiermee die korrekte inligting:

- Cheerleading Level 1 = 1ste plek behaal uit 2 spanne.
- Poms Poms = 2de plek behaal uit 9 spanne.
- Poms ontwikkeling = 6de plek behaal uit 9 spanne.

NUUSBRIEF 19 VAN 2026 *28 MEI 2026*

# RYNIENUUS




## LAERSKOOL RYNFIELD

## DELL'ARTE KUNSWEDSTRYD

Inskrywings sluit aan die einde van die week, daarom herinner ons alle ouers om hul kinders betyds in te skryf indien hulle wil deelneem.









## INTERSKOLE GAUTENG - 30 MEI

Sterkte aan al ons spanne en indivudele redenaars met die laaste voorbereiding. Ons weet julle gaan fantasties wees. Die program is via e-pos na al ons individuele sprekers se ouers gestuur en beskikbaar op die Interskole se webtuiste.

Maak asb. seker dat jul 'n oefensessie inkry by Juf. Barbara, Juf. Lea of Juf. Coffey.

**LET WEL**. Interskole se Engelse inskrywings sluit 25 Mei. (Top 6 van ons skool se interne "public speaking" is reeds ingeskryf)

## PRESTIGE REDENAARS TOERNOOI




Ons het Interskole reeds gekontak en gevra dat Laerskool Rynfield leerders saam gegroepeer word sodat hul ook die Prestige Toernooi tuis kan bywoon. Hul sal ons probeer help waar hulle kan.

'n Googlevorm is reeds op al die skool se Whatsapp groepe uit. Alle redenaars wat vanjaar intern deelgeneem het en wie se toesprake goedgekeur is (Afrikaans en Engels), sowel as al ons **spanne**, word vriendelik versoek om te registreer. Die toernooi is 'n hoogtepunt en ons skool bied dit met trots vanjaar aan.

**Belangrik**: Voltooi asseblief die vorm voor **1 Junie** – dit is die afsnydatum vir registrasie.

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## KOOR

Die **Junior- en Seniorkoor** tree **eerskomende Saterdag** by NG Jubilaté se jaarlikse Braaibroodjiefees op. Ons bedank ons pligsgetroue koorlede dat hulle tussen hul akademiese verpligtinge ons skool by hierdie heerlike geleentheid verteenwoordig.







Ons wens ons **Kleuterkoor** sterkte met hul **Conspirito Kunswedstryd** optrede **4 Junie** by Rynfield Kleuterskool toe. Julle is baie oulik! (Oggend program sal op Whatsapp groep volg)

**<u>Neem asseblief kennis van die volgende beplande optredes:</u>**


**19 Junie** by Ridgewood College. *Slegs Seniorkoor*

**20 Junie** Prestige Optrede by Midstream College: *Kleuterkoor, Juniorkoor en Seniorkoor*

Verdere inligting rakende die optredes sal op die Whatsapp groep volg.

Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



## PUBLIC SPEAKING INDIVIDUALS AND TEAMS

<u>Oefening begin in die kultuursessies tydens die eksamen.</u> Maak asb. seker dat jul 'n tydgleuf bespreek by Juf. Barbara (083 600 5554). Interskole Gauteng optrede vind plaas een week na die Julie skoolvakansie (25 Julie). Oefentyd is **BAIE MIN**!!

Groete, Juf. Barbara



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## DISTRIK OLIMPIADE VIR NW EN TEG



# RYNIENUUS




LAERSKOOL RYNFIELD

## 📢 KASKARDAG HERINNERING AAN OUERS

Geagte Ouers

Neem asseblief kennis dat alle Kaskarborgvorms dringend aan die skool TERUG besorg **moet** word. Hierdie dokumente is belangrik vir ons debiteure en prokureursrekords.

⚠️ Indien 'n borgvorm verlore geraak of per ongeluk weggegooi is, moet 'n verklaring vanaf die polisiestasie ingedien word om te bevestig:

* dat die vorm verlore is, en
* waarom dit nie aan die skool terugbesorg kan word nie.

Ons moedig elke gesin aan om ons Kaskardag ten volle te ondersteun deur:

✅ laaste betalings op die Karri-toep te doen, of
✅ volledige borglyste saam met die kontant in te handig.

**⏳ Ons tel die slapies af en hoop julle is reg vir 'n onvergeetlike Kaskardag vol pret, kleur en opwinding! 🎨🌈**





# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART

| | |
|---|---|
| Maandag, 1 Junie | Wraps |
| Dinsdag, 2 Junie | Pasteie |
| Woensdag, 3 Junie | Toasted broodjies |
| Donderdag, 4 Junie | “2-minute noodles” |
| Vrydag, 5 Junie | Footlongs |

NUUSBRIEF 19 VAN 2026

*28 MEI 2026*

# NASKOOL




## LAERSKOOL RYNFIELD

## EKSAMEN REËLINGS:

- Die skool sluit daagliks om 13:00.
- Naskool begin dus 13:00 vir alle leerders.
- **13:00 – 14:00**: Ete word bedien
- **14:00 – 15:30**: - Huiswerk Graad 1 - 3
  - Studie Graad 4 - 7
- **15:30 – 16:00**: Vrugtetyd
- **16:00 – 16:45**: Ekstra studieklas



**Baie sterkte vir die eksamen!!!**

## NASKOOL SPYSKAART:

| DATUM | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 1 Junie | Kapokaartappels, russians en ertjies | Vrug & sap |
| Dinsdag, 2 Junie | Hotdogs | Vrug & sap |
| Woensdag, 3 Junie | Vleis, rys en pampoen | Vrug & sap |
| Donderdag, 4 Junie | Visburgers | Vrug & sap |
| Vrydag, 5 Junie | "2-minute noodles" | Vrug & sap |



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD







Oefening is Maandae en Woensdae 18:00-19:00 vanaf Junie.

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

